melville
KRUISGEMEENTE

# DIENSBAARHEID

Die Weg  Liefde-in-aksie  Selfontlediging  Aanbidding



# DIENSBAARHEID AS GELOOFSPRAKTYK

**Vir die maand van September reis ons saam met die praktyk van *diensbaarheid*. Ons fokus elke week op 'n verskillende aspek van *diensbaarheid*.**


| | | | |
|---|---|---|---|
| Diens as die WEG van Jesus | **Markus 10:35-45** | **31 Aug – 6 Sep** | **p 2** |
| Diens as LIEFDE in aksie | **1 Johannes 3:16-24** | **7 Sep – 13 Sep** | **p 4** |
| Diens as NEDERIGHEID | **Filippense 2:1-11** | **14 Sep – 20 Sep** | **p 6** |
| Diens as AANBIDDING | **Matteus 25:31-46** | **21 Sep – 27 Sep** | **p 8** |


Hierdie handleiding is ontwerp om in *community* te gebruik. Dit is ideaal vir kleingroepe maar kan ook in huisgesinne of as 'n groep vriende gedoen word.

Na elke sessie is daar 'n praktiese oefening. Om die beste te maak van die praktyk wil ons jou aanmoedig om die oefening te gaan doen en dan na die tyd daaroor na te dink. Ons begin elke volgende sessie deur saam ook na te dink oor die afgelope week se oefening. Die idee is nie dat ons net vir een maand die oefeninge doen nie maar dat ons die praktyk sal deelmaak van ons lewensritme.

***Mag die Here jou baie seën op hierdie reis soos wat jy deelneem aan sy sending na die wêreld.***

# DIENS AS DIE WEG VAN JESUS

## TYD VIR NADENKE

Begin deur met mekaar te deel hoe die reis met die praktyke hierdie jaar jou sover beïnvloed en gevorm het.

## WANDEL IN DIE WOORD

Lees die gedeelte hardop. Gee 30 sekondes om daaroor te dink. Laat iemand anders die gedeelte ‘n tweede keer hardop lees.

Terwyl dit gelees word luister na wat vir jou uitstaan (watter frase/woord, of wat by jou opkom (‘n beeld of vraag miskien)

Markus 10:35-45

35Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedeus, kom toe na Jesus toe en sê vir Hom: “Here, ons wil graag hê U moet vir ons doen wat ons U gaan vra.”

36“Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?” het Hy hulle gevra.

37Hulle het Hom geantwoord: “Wanneer U as koning heers, laat ons dan langs U sit, die een aan u regterhand en die ander een aan u linkerhand.”

38“Julle weet nie wat julle vra nie,” sê Jesus vir hulle. “Kan julle die lydensbeker drink wat Ek drink, of met die doop gedoop word waarmee Ek gedoop word?”

39“Ons kan,” sê hulle vir Hom.

Daarop sê Jesus vir hulle: “Die beker wat Ek drink, sal julle drink, ja, en met die doop
waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word.
40Maar om aan my regter- of my
linkerhand te sit, daaroor besluit Ek nie; dit is vir dié vir wie God dit gereed gemaak het.”

41Toe die tien ander dit hoor, was hulle verontwaardig oor Jakobus en Johannes.
42Jesus
roep hulle toe nader en sê vir hulle: “Julle weet dat dit by die nasies so is dat hulle
sogenaamde regeerders oor hulle baasspeel en dat hulle groot manne die mag oor hulle
misbruik.
43Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil
word, moet julle dienaar wees;
44en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet
julle almal se dienaar wees.
45Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te
word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.”

- Draai twee-twee na mekaar toe en deel met die ander persoon wat vir jou uitgestaan het. (gebruik “ek taal” en moenie preek nie)
- Elkeen kry ‘n beurt om in die groep terugvoer te gee oor wat jy jou gespreksgenoot gehoor sê het.

## GROEPBESPREKING

- Bespreek nou die volgende vrae in die groep:
  i. Hoe laat Jesus se opdrag om ‘n dienaar te word jou voel?
  ii. Is diens aan ander tans deel van jou daaglikse lewe? Hoe so?
  iii. Wat is die grootste struikelblok vir jou om diensbaar te wees?

## OEFEN

Soek ten minste een geleentheid hierdie week om iets vir iemand anders te doen wat hulle sal seën, sonder om iets terug te verwag.

# DIENS AS LIEFDE-IN-AKSIE

## TYD VIR NADENKE

Begin die sessie deur terugvoer te gee oor verlede week se oefening. Gebruik die volgende vrae om die gesprek te lei:

i. Wat het jou verras van verlede week se oefening?
ii. Hoe het dit jou laat voel om diensbaar te wees?
iii. Waar het jy weerstand ervaar in die praktyk?

## WANDEL IN DIE WOORD

Lees die gedeelte hardop. Gee 30 sekondes om daaroor te dink. Laat iemand anders die gedeelte ‘n tweede keer hardop lees.

Terwyl dit gelees word luister na wat vir jou uitstaan (watter frase/woord, of wat by jou opkom (‘n beeld of vraag miskien)

1 Johannes 3:16-24

[16]Hiéraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook
ons lewens vir ons broers af te lê. [17]Wie aardse besittings het en sy broer sien gebrek
ly, maar geen gevoel vir hom het nie – hoe kan die liefde van God in hom wees?

'n Goeie gewete voor God

[18]Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met
die daad bewys word, en dan in opregtheid. [19]Hierdeur kan ons ook te wete kom dat
ons aan die ware God behoort en kan ons ons gewete voor Hom tot rus bring. [20]As
ons gewete ons veroordeel – God is groter as ons gewete, en Hy weet alles.

[21]Geliefdes, as ons gewete ons nie veroordeel nie, het ons vrymoedigheid om na God
te gaan; [22]en wat ons vra, kry ons van Hom omdat ons sy gebooie gehoorsaam en
doen wat Hy goedvind. [23]En dít is sy gebod: Ons moet in sy Seun, Jesus Christus, glo
en ons moet mekaar liefhê ooreenkomstig die gebod wat Hy ons gegee het. [24]Wie sy
gebooie gehoorsaam, bly in God en God in hom. Hiéraan weet ons dat Hy in ons bly:
Hy het ons sy Gees gegee.

- Draai twee-twee na mekaar toe en deel met die ander persoon wat vir jou uitgestaan het. (gebruik “ek taal” en moenie preek nie)
- Elkeen kry ‘n beurt om in die groep terugvoer te gee oor wat jy jou gespreksgenoot gehoor sê het.

## GROEPBESPREKING

Bespreek nou die volgende vrae in die groep:

i. Hoe daag hierdie gedeelte populêre definisies van liefde uit?
ii. Hoe lyk liefde wat nie net lippetaal is nie maar in daad en opregtheid bewys word?
iii. Vertel die groep van ‘n daad van opregte liefde wat iemand aan jou bewys het en wat dit vir jou beteken het.

## OEFEN

Saam met die praktyk om iets vir ten minste een persoon te doen hierdie week om opregte liefde en diensbaarheid te bewys, bid elke aand ‘n Examen gebed (gebed van selfondersoek) en dink na oor geleenthede wat jy dalk gemis het en hoe jy meer daarop ingestel kan wees in die dag wat kom. Hier is die stappe vir ‘n Examen gebed:

Raak rustig en stil in die Here se teenwoordigheid en volg die volgende stappe om jou te lei in ‘n gebed van selfondersoek.

**1. Dankbaarheid**

Watter geskenke is daar vandag in jou lewe waarvoor jy God kan dank? Sê vir die Here dankie daarvoor.

**1. Vra vir lig**

Vra die Heilige Gees om jou te help om raak te sien wat belangrik is in die dag wat verby is.

**2. Hersien jou dag**

Laat jou dag voor jou afspeel soos ‘n film en raak bewus van oomblikke wat jy naby aan God gevoel het en tye waar dit dalk gevoel het of God afwesig was. Watter geleentheid het God vandag vir jou geskep om liefde te ontvang en om liefde te gee? Hoe het jy daarop reageer?

**3. Vergifnis**

Vra God se vergifnis vir alles wat nie vandag volgens sy wil en plan geskied het nie. Vergewe ook diegene wat teenoor jou oortree het.

**4. Kyk vorentoe**

Dink oor die dag van more. Hoe kan jy met God meewerk met dit wat Hy in jou lewe mee besig is? Vra God se hulp hiermee.

# DIENS AS SELFONTLEDIGING

## TYD VIR NADENKE

Begin die sessie deur terugvoer te gee oor verlede week se oefening. Gebruik die volgende vrae om die gesprek te lei:

i. Wat het jou verras van verlede week se oefening?
ii. Waar het jy weerstand ervaar in die oefening?
iii. Hoe dink jy kan dit 'n volhoubare deel van jou lewensritme word?

## WANDEL IN DIE WOORD

Lees die gedeelte hardop. Gee 30 sekondes om daaroor te dink. Laat iemand anders die gedeelte 'n tweede keer hardop lees.

Terwyl dit gelees word luister na wat vir jou uitstaan (watter frase/woord, of wat by jou opkom ('n beeld of vraag miskien)

Filippense 2:1-11

[1]Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die
gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing – [2]maak dan nou my
blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe.
[3]Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander
hoër ag as homself. [4]Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan
dié van ander.

[5]Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:

[6]Hy wat in die gestalte van God was,

het sy bestaan op Godgelyke wyse

nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie,

[7]maar Hy het Homself verneder

deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem

en aan mense gelyk te word.

En toe Hy as mens verskyn het,

[8]het Hy Homself verder verneder.

Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.

9 Daarom het God Hom

ook tot die hoogste eer verhef

en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is,

10 sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is,

die knie sou buig,

11 en elke tong sou erken:

"Jesus Christus is Here!"

tot eer van God die Vader.

- Draai twee-twee na mekaar toe en deel met die ander persoon wat vir jou uitgestaan het. (gebruik "ek taal" en moenie preek nie)
- Elkeen kry 'n beurt om in die groep terugvoer te gee oor wat jy jou gespreksgenoot gehoor sê het.

## GROEPBESPREKING

Bespreek nou die volgende vrae in die groep:

i. Om dieselfde gesindheid as Jesus te he, behels om jouself leeg te maak (te verneder) ter wille van ander. Hoe verskil dit met die populêre kultuur om ons?

ii. Het jy al ooit iets opgegee ter wille van ander, of het iemand dit dalk al vir jou gedoen? Vertel die groep daarvan.

iii. Waar dink jy kan ons in ons samelewing vandag hierdie uitnodiging om "dieselfde gesindheid as Jesus te hê" meer toepas?

## OEFEN

Probeer om steeds elke aand die Examen gebed te bid. Identifiseer 'n dag hierdie week wat jy van sonop tot sononder kan vas. Soek 'n geleentheid om die kos wat jy sou geëet het vir iemand anders wat dit dalk nodig het te gee.

# DIENS AS AANBIDDING

## TYD VIR NADENKE

Begin die sessie deur terugvoer te gee oor verlede week se oefening. Gebruik die volgende vrae om die gesprek te lei:

i. Wat het jou verras van verlede week se oefening?
ii. Vertel die groep van ‘n ervaring van nabyheid aan die Here, of selfs afwesigheid wat jy dalk in die oefening ervaar het.
iii. Hoe dink jy sal die gereelde vasdag ter wille van ander jou in die langtermyn vorm as mens?

## WANDEL IN DIE WOORD

Lees die gedeelte hardop. Gee 30 sekondes om daaroor te dink. Laat iemand anders die gedeelte ‘n tweede keer hardop lees.

Terwyl dit gelees word luister na wat vir jou uitstaan (watter frase/woord, of wat by jou opkom (‘n beeld of vraag miskien)

Matteus 25:31-46

31 “Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal
Hy op sy koninklike troon gaan sit. 32 Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word,
en Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape van die bokke skei. 33 Die
skape sal Hy regs en die bokke links van Hom laat staan.

34 “Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: ‘Kom, julle wat deur my Vader geseën
is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as
erfenis in besit, 35 want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors,
en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves;
36 Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die
tronk, en julle het My besoek.’ 37 Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra:
‘Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te
drink? 38 En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien en U gehuisves, of sonder klere, en
vir U klere gegee? 39 Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek?’ 40 En die
Koning sal hulle antwoord: ‘Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die
geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.’

41 “Dan sal die Koning vir dié aan sy linkerkant sê: ‘Gaan weg van My af, julle vervloektes!
Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is, 42 want Ek was
honger, en julle het My niks gegee om te eet nie; Ek was dors, en julle het My niks gegee

om te drink nie; [43]Ek was 'n vreemdeling, en julle het My nie gehuisves nie; sonder klere, en julle het My nie klere gegee nie; siek en in die tronk, en julle het My nie versorg nie.' [44]Dan sal hulle ook antwoord: 'Here, wanneer het ons U honger of dors of 'n vreemdeling of sonder klere of siek of in die tronk gesien en U nie gehelp nie?' [45]En Hy sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van hierdie geringstes nie gedoen het nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.' [46]En hierdie mense sal die ewige straf ontvang, maar dié wat die wil van God gedoen het, die ewige lewe."

- Draai twee-twee na mekaar toe en deel met die ander persoon wat vir jou uitgestaan het. (gebruik "ek taal" en moenie preek nie)
- Elkeen kry 'n beurt om in die groep terugvoer te gee oor wat jy jou gespreksgenoot gehoor sê het.

## GROEPBESPREKING

Bespreek nou die volgende vrae in die groep:

i. Na aanleiding van hierdie gedeelte, wat is die verband tussen die aanbidding van God en diens aan jou medemens?

ii. Wie is jou medemens, na aanleiding van hierdie gedeelte (sien ook die barmhartige samaritaan in Lukas 10)?

iii. Hoe kan ons hierdie gedeelte meer prakties uitleef in ons gemeente/gemeenskap?

## OEFEN

Ons oefening hierdie week het behels om ten minste een persoon per dag te seën deur 'n daad van opregte liefde en diens. Ons het ook geleer om die Examen elke aand te bid as 'n manier om terug te kyk op ons dag en raak te sien waar ons geleenthede gehad het om liefde te bewys en waar ons dit dalk gemis het. Ons het ook een dag van kos gevas en die kos vir iemand gegee wat dit nodig het.

Gaan na die Practicing the Way webblad (http://practicingtheway.org/ruleoflifebuilder), skep vir jou 'n profiel en gebruik hulle "build your own rule of life tool" om te kyk hoe jy sommige van die praktyke deel kan maak van jou lewensreël.